HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

24 Julie 2020

Beste ouers, leerders en personeel

Skoolsluiting

Ons het op Donderdag 23 Julie met 'n verskeidenheid van emosies gehoor dat die skole gesluit word. Sommige was woedend, ander baie dankbaar en party mense het dit net aanvaar en aangegaan met die lewe.

Ons innige meegevoel met die mense wat geliefdes, as gevolg van Covid 19, aan die dood afgestaan het. Ons wens ook al die mense wat as gevolg van die virus siek is, baie sterkte toe en vertrou hulle sal volkome herstel.

Die meeste matrieks het vandat hulle weer skool toe gekom het, baie hard gewerk en ek glo hulle verdien 'n ruskans. Ongelukkig weet ons nie wanneer hulle eindeksamen begin nie, maar ons moet hulle goed voorberei. Elke matriek het sy/haar September/Oktober-eksamenrooster ontvang en kan daarom hulle program daarvolgens inrig. Die matrieks moet asseblief almal weer Maandag 3 Augustus 2020 by die skool wees. Hulle kan nie een dag mis nie.

Ons dra elke Maandag, Woensdag en Vrydag skoolklere. Die rede is om geleentheid te gee dat die klere gewas kan word. **Dit is baie belangrik dat alle leerders wat terugkeer se voorkoms 100% reg is. Ons wil graag op die leerders se veiligheid en akademie fokus. Ons het dus nie tyd om met leerders oor hare en naels te gesels nie.**

Ek is jammer vir die gr. 8- tot 11-leerders en hulle ouers. Die gr. 10's en 11's het net begin ritme kry en nou moet hulle weer by die huis bly. Ons gaan aansoek doen om die gr. 10- en 11-leerders op Maandag 17 Augustus 2020 terug te bring. Die gr. 8's en 9's kom Maandag 24 Augustus terug skool toe.

Ons sal die nuwe rooster wanneer watter grade by die skool is, Woensdag 29 Julie 2020 aan ouers stuur.

Baie sterkte en maak asseblief seker dat julle op Edmodo en die verskillende onderwysers se WhatsApp-groepe is. Ons sal in die volgende weke vir julle werk op die platforms plaas.

Wees asseblief veilig en hou by die regulasies om die Covid-virus te bekamp.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof